### *Die hart van `n dief*

**2** (**vervolg**) [7] Toe Festus hom nog ‘n keer wou omdraai vir `n oggendslapie, arriveer die leiers van die groep wat die skatte uit Gerasim moes gaan haal alreeds. Hulle wek hom en hy moet na buite, omdat sy amp meebring dat hy die skatte moet ondersoek, takseer en in ontvangs neem. Nadat hy met die werk klaar was, het ons ook al almal opgestaan en die ontbyt, bestaande uit vars, goed voorbereide visse, staan nou al gereed op die talle tafels in die groot eetsaal. Baie vermoeid van die werk kom Festus aan die arm van sy jong eggenote die eetsaal binne en kom langs My sit.

[8] Pas ná die genoemde ontbyt, waarby `n goeie wyn nie ontbreek het nie, vertel Festus aan My van sy oggend se werk, wat hom andersins ondanks alle ywer, `n paar weke se werk sou gekos het, dat dit nou al klaar was en dat dit alles reeds na hul bestemming versend is. Alle dokumente lê ordelik gereed op die tafel in die groot kantoor, en die geregtelike vervoerbriewe was tot in die fynste puntjies versorg. Die skatte uit die grot van Kisjonah was op die presiese manier verdeel en voorsien van begeleidingsbriewe, ook die belastinggeld en die groot tempelskat uit Gerasim, en alles was nou weggestuur. Daar lê slegs nog baie timmermansgereedskap in die groot kantoor, waarvoor daar nog geen eienaar gevind is nie.

[9] **Ek** sê: "Daar aan die end van die tafel sit die twee seuns van Josef naas moeder Mirjam, hulle heet Joses en Joël; dit kom hulle toe! Dit is saam met die klein deposito in Násaret as `n onderpand van hulle afgeneem, en dit moet ook weer aan hulle teruggegee word!"

[10] **Festus** sê: "Meester, insluitend die deposito! Daarvoor staan ek borg! O Meester en Vriend! Hoe het hierdie swartjasse nie baie onaangenaamhede aan my besorg nie; maar die dom wet beskerm hulle egter, en met die beste wil kon mens hulle nêrens uitvang nie. Voor my oë het hulle die afgryslikste onregverdighede begaan en ondanks alle beskikbare staande mag, was daar niks daarteen te doen nie. Maar nou het die satan hulle tog eenmaal in die steek gelaat, en ek het nou `n hef in die hand waarvoor hierdie kêrels sal bewe soos `n lossittende boomblaar tydens `n storm wat deur die bosse raas! Die berig aan opperstadhouer Cyrenius is `n meesterwerk, wat hy gewaarborg, saam met die belasting, direk aan Rome sal versend. Die skip van die keiser, met vier-en-twintig roeiers en met `n goeie wind, selfs voorsien van `n groot seil en `n roer, is vanaf Tirus, Sidon en Césarea binne twaalf dae aan die Romeinse kus en binne handbereik van die keiser! Verheug julle nogmaals vir twaalf dae daarbinne, julle swartjasse! Aan julle hoogmoed sal daar op `n besondere manier paal en perk gestel word!"

[11] **Ek** sê: "Vriend! - Ek sê vir jou: Juig nie te vroeg nie! Die een kraai pik die ander die oë nie uit nie! Dit sal met die elf binne die mure sekerlik nie na wense gaan nie! Hulle sal weliswaar nie gedood word nie, maar sal in stede daarvan lewenslank in die ewige, altyd aanwesige boetedoeningsel opgesluit word! Maar in die openbare verontskuldiging aan Rome sal hulle so wit soos wol gewas word, en dan sal die mense eerstens van jou `n verdere uitleg eis, en jy sal baie moeite hê om alle vrae vanuit Rome met tevredenheid te beantwoord. Daar sal aan jou weliswaar geen haar beskadig word nie, maar jy sal `n sekere oorlas nouliks kan voorkom as jy nie met die vereiste getuies en ander aanwysings in die ope kom nie. Daarom laat Ek Pilah by jou; hy sal jou in alles goed bystaan. Laat hom egter so gou moontlik Romeinse klere aantrek, sodat hy nie deur die gestasioneerde kollegas in Kapernaum herken word nie! Want Ek kan jou wel sê: Satan het sy regiment lank nie so listig georganiseer as hierdie slanggebroedsel nie. Wees jy dan ook, behalwe om altyd so sagmoedig soos `n duif te wees, ook slinks soos `n slang, anders sal jy nie klaarspeel met hierdie saadlyn nie!"

[12] **Festus** sê: "Ek dank U ewig vir hierdie raad! Maar nou moet ons, omdat hierdie saak so mooi reggekom het, tog eers iets beters gaan doen!"

[13] **Ek** sê: "Goed so! Ek is al daar; ons wag slegs nog op Kisjonah, wat met sy invorderings gou klaar sal wees!"

### *Die korrekte gebruik van wonder- en geneeskrag*

**3** **Kisjonah** kom vinnig nader, groet ons almal liefdevol en vriendelik en sê vervolgens: "Oneindig geliefde Vriend JaHshua! - So noem ek U slegs as ek U aanspreek; want U weet Wat en Wie U in my hart is. - Slegs aan U het ek alles te danke! Ek het slegs `n geringe totale bedrag van vyfduisend pond van die arm bewoners van Kana in die skuldboek met baie genoeë doodgetrek, en U het my daarvoor vyftigduisend pond teruggegee, die geskatte waarde van die ander kosbaarhede nie ingereken nie, wat dit miskien dubbel werd maak! Ek beloof U egter by my matelose liefde vir U, dat ek dit alles ten goede aan die armes en verdruktes sal laat toekom, en so sal die duiwelsdrek dan uiteindelik tog nog goud vir Elohim se hemele word!

[2] Ek sal die goud en silwer nie regstreeks aan die mense gee nie, **want dan sal dit regtig `n vergiftiging vir die swak aardse menseharte wees**; maar ek sal onderdak en besit aan die dak- en besitloses gee, met daarby belastingvrye grond en vee, brood en kleding. Aan elkeen wat ek hiermee geseënd sal maak, sal U woord gepredik word en U Naam sal aan hulle bekendgemaak word sodat hulle duidelik sal weet aan wie hulle alles te danke het, en dat ek slegs `n slegte en trae dienaar is! - O Meester, sterk my steeds sodat ek U in U Naam kan dien! As ek ooit die begeerte sou hê om ook maar één sintuig na die wêreld te rig, laat al my kragte dan swak word, sodat ek sal merk dat ek `n swak mens is en niks uit eie krag kan volbring nie!"

[3] Maar dan lê **Ek** My hand op sy hart en sê aan hom: "Vriend en broer! Bewaar My daar binne-in jou, dan sal jy nooit aan krag tekort skiet om edele werke uit te voer nie! Ja, in die lewende geloof en in die volle en suiwere liefde tot My en met die wil om in My Naam aan die mense goed te doen, sal jy die elemente gebied, en hulle sal jou gehoorsaam! Jou geroep sal nie onverstaanbaar wees vir die winde nie, en die see sal jou wil herken. En aan `n berg sal jy kan sê: "Verhef jou en laat jou in die see val!" en dit sal gebeur soos wat jy beveel het.

[4] As iemand egter, om te kan glo, `n teken van jou verlang, gee dit dan nie. Want wie die waarheid as die waarheid self nie wil erken nie, en dit geen voldoende teken vir hom is nie, vir hom is dit beter dat hy blind bly. As hy deur `n teken gedwing word om die waarheid te aanvaar, en dan die leer nie volg nie, beteken hierdie teken `n dubbele oordeel vir hom. Ten eerste is hy deur die teken gedwing om die waarheid as die waarheid te aanvaar - of hy dit in sy blindheid nou sien of nie - en ten tweede moet hy volgens die goddelike ordening innerlik duidelik in `n swaarder strafgerig val as hy nie handel volgens die waarheid wat deur `n teken opgedring is nie, of hy die waarheid nou volledig as waarheid erken al dan nie. Want die gebeur van die teken kan hy nie ontken nie, en dit is reeds voldoende; die begrip of die onbegrip is vir niemand `n regverdiging nie.

[5] Want as iemand ter bevestiging van die gehoorde waarheid `n teken begeer en sê: ‘U verhaal oortuig my weliswaar nie van die waarheid nie, maar as gevolg van die bypassende uitlegteken wat as bewys daarvan gelewer word, wil ek die leer as volle waarheid aanneem!’ Wel, dan kan die vraer, as hy vervolgens `n teken gekry het, nie weer daarmee omheen gaan om die waarheid van die leer nie aan te neem nie, of hy dit nou heeltemal erken al dan nie, want die teken staan daar as `n vaste bewys vir hom.

[6] Maar omdat sy blindheid hom nie toelaat om die totale waarheid te verstaan nie, en hy na sy opvatting met die navolg van die waarheidsleer in te groot lewensmoeilikhede waaraan hy nie gewoond is nie, sou kom, dink hy by homself: ‘Daar sal wel iets waars in wees, want anders was die teken nie moontlik gewees nie, maar die besonderhede daarvan ontgaan my. En handel ek volgens hierdie leer, dan beteken dit `n ontsettende selfverloëning vir my. Daarom doen ek dit liewer nie en bly ek by my ou lewenswyse, waar weliswaar geen buitengewone tekens teenwoordig is nie, maar wat desondanks tog baie aangenaam is!’

[7] Kyk, daarin lê nou juis die strafgerig wat die verlanger van die teken oor homself gebring het deur die geproduseerde teken wat op sy versoek gedoen is, wat hom die onomstootlike bewys gegee het waarteen hy niks kan inbring nie. Omdat hy daarna tog voortgaan met sy verkeerde lewenswyse, word hy dus `n bestryder van die Ewige Waarheid, wat hy dan ook feitelik heel kragtig verwerp, ondanks die feit dat hy nooit die onvernietigbare teken wat aan hom as bewys van die waarheid gegee is, tot in ewigheid ooit uit die weg kan ruim asof dit nie behoort tot die waarheid wat aan hom geopenbaar is nie. Daarom is dit ook baie beter om van woorde gebruik te maak, as om vir die bewys van die waarheid `n teken te gee.

[8] Maar tot nut en voordeel van die mense wat geen tekens vra nie, kan jy in stilte tekens doen soveel as wat jy wil, en dit sal niemand tot sonde verlei en nog minder `n oordeel vir hulle wees nie. As jy egter vóóraf tekens ten bate van die mense gedoen het, dan mag jy vervolgens aan die betreffende mense ook wel `n leer gee as hulle dit verlang. Verlang hulle dit egter nie, gee hulle dan slegs `n ernstige waarskuwing teen die sonde. Maar gee geen verdere lering nie; anders sien diegene wat geholpe is, jou aan vir `n magiese dokter en bring die teken hulle in `n verdere oordeel.

[9] Almal wat mag gegee word om in die geval van nood tekens te doen, moet hierdie raad van My getrou navolg as hulle werklik die goeie tot stand wil bring.

[10] Bo alles moet elkeen homself verhoed om in `n opwelling, of met ergernis `n teken te gee! Want elke teken kan en mag slegs op grond van suiwere en ware liefde en deemoed gegee word; As dit egter met toorn of ergernis tot stand sou kom, wat ook wel moontlik is, dan het die hel al `n aandeel daarin, en so `n teken bring dan nie net geen seën nie, maar ook `n vloek.